Ps. 23:1-3 **Daar is die Lam van God!** | Patch. Nagmaal 27.4.58

Ges. 115: 4, 5 Jes. 53:1-12; Joh. 1:29-34
" 100: 6, 7. (46:12)

Joh. 1:29 - Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!

Ons het gisteraand daarop gewys dat die hele offerandestelsel & -gedagte soos uitgeseit in die O.T. en soos deur Israel beoefen deur God gebruik is as voorbereiding vir die koms van Xtus. die Lam v. God, die volmaakte Offerlam, wie se bloed op die altaar van Golgotha gestort sou word as 'n versoening vir al ons sondes.

Verder aangegrypende beeld: Xtus as die Lam van God! Keer op keer kom hd. beeld na vore — (uittog uit Egipte, Jes. 53) totdat dit sy hoogtepunt bereik in Joh. die Doper se uitroep langs die walle v.d. Jordaan: „Daar is die Lam van God!" Ons kan hd. beeldspraak egter nie verstaan as ons nadink oor wat presies daarmee bedoel word:

## I Xtus, die Eenvoudige Lam:

Kyk na 'n trop skape met lammers: 'n lam is die meeste hulpelose skepsels wat leef — dit het geen plan om hom te help nie, leef in sy eenvoudigheid, sy afhanklikheid, sy weerloosheid!

→ So was dit met Xtus: Hy het trouens van ons die eenvoudige, die afhanklike geword. Hy het geen planne beraam om H/s uit Sy moeilikheid te red nie; geen krag & lewe van sy eie gehad nie; in alles afhanklik van die Vader: „Die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie"

→ Maar ons: O, hoe ingewikkeld maak ons die lewe vir onsself deur al die planne wat ons maak. Hoe onsself wil help & verbeter & verryk! Hoe spook ons nie om God se werk te doen nie, asof ons dit kan doen! Is dit 'n wonder dat Gods Gees nie ons harte ten volle in besit kan neem nie?

## II Xtus, Die Sagmoedige Lam:

Nr. Xtus was nog meer: soos 'n lam sonder om teë te stribbel gewillig is om van sy wol geskeer te word – sy skoonheid & prag – so was Xtus gewillig om geskeer te word van van sy regte, sy goeie reputasie, sy pers. vryheid. Nooit het Hy dit teëgestaan nie: toe Hy terwille van ons gestaan is, het Hy nie teruggestaan nie; toe Hy vir ons moes bly het Hy nie gedreig nie!

→ Ons: hoe baiekeer onwillig om geskeer te word van ons regte, ons posisie, ons eer! Waar mense dit bedreig het, het ons weerstand gebied, gewurg, gestaan, gedreig! Is dit 'n wonder dat Gods Gees nie ons harte ten volle in besit kan neem nie?

## III Xtus, die Swygende Lam: „Soos 'n lam ---- wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie"

Ander diere skop en byt & slaan as iets aan hulle gedoen moet word – die skaap nie: hy bly stil.

So was dit met Xtus: toe Hy deur mense beskuldig is ten ons het Hy stilgebly sodat selfs Pilatus hom verwonder het & gevra het: „Antwoord u nie?"

→ Ma ons: O, hoe dikwels het ons onsself van verskoon toe ons moes erken: ek is verkeerd! Hoe dikwels was daar woede in ons oë en toon in ons stem toe ander ons vals beskuldig het. Hoe dikwels het ons geskel toe ons moes swyg! Is dit 'n wonder dat Gods Gees ons harte nie ten volle in besit kan neem nie?

## IV Xtus, die Vleklose Lam:

~~Nie alleen het Xtus~~

Nr. Xtus het nie alleen geswyg – & geen verkeerde woord oor sy lippe laat gaan nie: ook in sy hart was daar geen verkeerde gesindheid. Niks anders as liefde; geen haat, geen bitterheid, geen veroordeling. D/om kan Hy bid dat sy Vader hulle vergewe toe hulle besig was om die spykers deur Sy hande te dryf!

→ Ons: Ons bly baiekeer stil, maar in ons harte is daar storms van woede, van wrewel, van venyn teen hulle wat ons veronreg – veroordeling & veroordeling wat die vrede wegneem! Is dit 'n wonder dat Gods Gees ons harte nie ten volle in besit kan neem nie?"

## V Xtus, die Plaasvervangende Lam:

Die hoofdeel v.d. lam in die beeldspraak: Om geslag te word vir d. sonde v.d. oortreder – & dat sy bloed gesprinkel moes word om versoening te doen.

→ Xtus: ons Sondebok, ons skuld aan sy eie liggaam a.d. kruis gedra; sodat daar vergifnis kan wees van ons sonde wat ons d/oor beroof het!

→ Ons reaksie:

Dié Lam, vir ons op aard' geslag,
ons hoogste sielsverlange,
is waardig rykdom, eer en krag
en dankb're lofgesange!

---

→ Ons die <u>Lam</u> so aanvaar, ons so verseunselwig, dan kan die <u>Duif</u> ~~op~~ ons neerdaal, in ons harte sing!